**SKEDULERINGSTATUS** **S0**

**EIENDOMSNAAM**

# Electropak Framboosgegeurde Poeier vir Oplossing

**SAMESTELLING**

Elke 5,48 g van poeier of 200 ml van hersaamgestelde oplossing bevat:

| | |
|---|---|
| Natriumchloried | 0,4 g |
| Natriumbikarbonaat | 0,5 g |
| Kaliumchloried | 0,3 g |
| Dekstrosemonohidraat | 4,0 g |

As mmols:

| | |
|---|---|
| $Na^+$ | 14,2 |
| $Cl^-$ | 10,8 |
| $K^+$ | 4,0 |
| $HCO_3^-$ | 6,0 |
| Dekstrose | 20,0 |

PRESERVEERMIDDELS:
Metielhidroksiebensoaat 0,2 g (0,1 % van finale volume)

**FARMAKOLOGIESE KLASSIFIKASIE**

A 24 Aanvullende mineraalpreparate, elektroliete.

**FARMAKOLOGIESE WERKING**

As 'n oplossing van die elektroliete ingeneem word sal dit lae elektrolietvlakke aanvul en verhoed dat laer vlakke ontstaan. Die oplossing word vanuit die spysverteringskanaal geabsorbeer en help om osmotiese ewewig te herstel. Die dekstrose word as 'n energiebron geoksideer en verhoog die glikogeen inhoud van die lewer en help om asidose te voorkom.

**INDIKASIES**

ELECTROPAK FRAMBOOS is aangedui vir die vervanging van elektroliete en vloeistofverlies by kinderdiarree en gastro-enteritis waar die toestand nie ernstig genoeg is om intraveneuse terapie te vereis nie.

**KONTRA-INDIKASIES**

Die preparaat word teenaangedui by pasiënte met glukose-galaktose wanabsorpsie sindroom.

**DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS**

**Vir sakkies:**

Sny oop langs die stippellyn. Maak die sakkie oop en ontvou die basis aan die onderste kant. Laat die oop sakkie op 'n tafel of ander gelyk oppervlakte staan. Voeg voorafgekookte en afgekoelde water tot by die ROOI LYN (200 ml) en roer deeglik. Dien toe in ooreenstemming met u dokter se aanwysings.

**LET WEL: Dit is belangrik om die korrekte hoeveelheid water by te voeg aangesien 'n te sterk oplossing nadelig kan wees. Daarom moet die oop sakkie nie in die hand gehou word terwyl u dit vul nie, maar moet dit op 'n gelyke oppervlak staan.**

**Vir grootmaat pakke:**

Los twee gelyke 5 ml medisynematevol op in 200 ml (5,48 g in 200 ml) voorafgekookte en afgekoelde water en roer deeglik. Dien toe in ooreenstemming met u dokter se aanwysings.

**NEWE-EFFEKTE EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS**

Dien met sorg toe aan pasiënte met nierversaking en diabetes insipidus.

**BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VAN DIE BEHANDELING DAARVAN**

Oordosering is nog nie teëgekom nie, maar indien enige ongunstige reaksies voorkom moet behandeling gestaak word.

**IDENTIFIKASIE**

'n Pienk, framboosgegeurde poeier. As aangemaak: 'n Pienk oplossing met 'n ligte soet-sout framboossmaak.

**AANBIEDING**

Sakkies wat 5,48 g poeier bevat vir die bereiding van 200 ml oplossing.
Bottels bevattend 100 g poeier.

**BERGINGSINSTRUKSIES**

Bewaar die droë poeier benede 25 °C in 'n droë plek.
Die aangemaakte oplossing moet onmiddellik gebruik word.
HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS.

**REGISTRASIENOMMER**

R/24/245

**NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE APPLIKANT**

Mirren (Edms) Bpk
Goldenrylaan 18
Morehill
Benoni 1501
Suid-Afrika

**DATUM VAN PUBLIKASIE VAN HIERDIE VOUBILJET**

Februarie 1987

EK-PI-PR-15/01
Pro-Print

**SCHEDULING STATUS** **S0**

**PROPRIETARY NAME**

# Electropak Raspberry Flavoured Powder for Solution

**COMPOSITION**

Each 5,48 g of powder or 200 ml of reconstituted solution contains:

| | |
|---|---|
| Sodium chloride | 0,4 g |
| Sodium bicarbonate | 0,5 g |
| Potassium chloride | 0,3 g |
| Dextrose monohydrate | 4,0 g |

As mmols:

| | |
|---|---|
| $Na^+$ | 14,2 |
| $Cl^-$ | 10,8 |
| $K^+$ | 4,0 |
| $HCO_3^-$ | 6,0 |
| Dextrose | 20,0 |

PRESERVATIVE:
Methyl hydroxybenzoate 0,2 g (0,1 % of final volume)

**PHARMACOLOGICAL CLASSIFICATION**

A 24 Mineral substitutes, electrolytes.

**PHARMACOLOGICAL ACTION**

When taken in solution these electrolytes will replenish low levels in the body and prevent lower levels from developing. The solution is absorbed from the gastrointestinal tract, assisting in the restoration of osmotic equilibrium. The dextrose is oxidised as a source of energy, raising the glycogen content of the liver and helping to prevent acidosis.

**INDICATIONS**

ELECTROPAK RASPBERRY is indicated for the replacement of electrolytes and fluid loss in infantile diarrhoea and gastroenteritis which is not severe enough to require intravenous therapy.

**CONTRA-INDICATIONS**

The preparation is contra-indicated for patients with glucose-galactose malabsorption syndrome.

**DOSAGE AND DIRECTIONS FOR USE**

**For sachets:**

Cut along the dotted line. Open the sachet and unfold the base at the opposite end. Stand the open sachet on a table or other level surface. Add previously boiled and cooled water up to the RED LINE (200 ml) and stir thoroughly. Administer in accordance with your doctor's instructions.

**NB: It is important to add the correct amount of water as too strong a solution can be harmful. For this reason, do not hold the opened sachet by hand while filling it but stand it on a level surface.**

**For bulk packs:**

Dissolve two level medicine measuresful in 200 ml (5,48 g in 200 ml) of previously boiled and cooled water and stir thoroughly. Administer in accordance with your doctor's instructions.

**SIDE-EFFECTS AND SPECIAL PRECAUTIONS**

Care must be taken when administered to patients with renal failure and diabetes insipidus.

**KNOWN SYMPTOMS OF OVERDOSAGE AND PARTICULARS OF ITS TREATMENT**

Overdosage has not been encountered but should any adverse effects manifest themselves treatment should be stopped.

**IDENTIFICATION**

A pink powder with an aroma of raspberry. When reconstituted: a pink solution with a mild sweet-saline raspberry flavour.

**PRESENTATION**

Sachets containing 5,48 g powder for preparation of 200 ml of solution.
Jars containing 100 g powder.

**STORAGE INSTRUCTIONS**

Store dry powder below 25 °C in a dry place.
The reconstituted solution must be used immediately.
KEEP OUT OF REACH OF CHILDREN.

**REGISTRATION NUMBER**

R/24/245

**NAME AND BUSINESS ADDRESS OF APPLICANT**

Mirren (Pty) Ltd
18 Golden Drive
Morehill
Benoni 1501
South Africa

**DATE OF PUBLICATION OF THIS PACKAGE INSERT**

February 1987

EK-PI-PR-15/01